NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

# REGLEMENT VIR DIE TOEKENNING VAN DIE J REYNIERZ-EREPENNING VIR BESONDERE DIENSLEWERING OP DIE TERREIN VAN DIE DIAKONAAT IN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

1. **Doel van die toekenning**

Die toekenning word gemaak aan lidmate en ampsdraers van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika as erkenning vir besondere diens wat bygedra het tot die groei en vooruitgang van die diens van barmhartigheid van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

2. **Identifisering van persone wat vir die toekenning kwalifiseer**

Kommissies van die Algemene Diakensvergadering en Ringsdiakensvergaderings, gemeentelike diakensvergaderings, diensgroepe of enige ander kerklike liggaam identifiseer ’n persoon/(-e) wat voldoen aan die doelstelling vir die toekenning. Hulle stel ’n volledige motivering saam op skrif en lê dit aan die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering voor vir oorweging.

3. **Werkwyse met die oog op die toekenning (Toekenningsbeleid)**

3.1 Die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering bepaal in die jaar voor die Algemene Diakensvergadering die datum waarop die voorleggings gelewer moet word.

3.2 Die verkiesing van die kandidaat vir ontvangs van die toekenning geskied deur middel van ’n geslote stembriefie.

3.3 Die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering is nie noodwendig en volledig gebonde aan die advies voorgehou nie. Die finale toekenning moet ten minste 60% van die lede van die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering se goedkeuring wegdra.

3.4 Die toekenning word verkieslik net aan een persoon per geleentheid gemaak.

3.5 Die toekenning word nie noodwendig elke drie jaar gemaak nie. Die behoefte en beskikbaarheid van fondse word in aanmerking geneem.

3.6 ’n Persoon kwalifiseer slegs een maal vir toekenning van die erepenning.

4. **Toekenningsgeleentheid**

Die toekenningsgeleentheid word gereël deur die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering en kan geskied tydens ’n Algemene Diakensvergadering of ’n ander geleentheid soos deur die Kommissie bepaal.

5. **Wat behels die toekenning?**

Die toekenning bestaan uit ’n oorkonde, penning en ’n kontantbedrag wat in oorleg met die Administrateur en Raad van Finansies bepaal word.

6. **Wysiging**

Wysiging van toevoeging tot die reglement word deur die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering gemaak.

Nakomingsbeampte: Dr FJ Labuschagne, 082 873 6557, frikkie@nhk.co.za